JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK EKSAMEN

GRAAD 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

Junie 2011

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 9 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE EKSAMEN
VRAESTEL 1

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2 EN 3) (30 PUNTE)

   AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 4) (10 PUNTE)

   AFDELING C: TAAL (VRAAG 5) (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die VRAE wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.
5. Nommer in die middel van die bladsy.
6. Begin ELKE VRAAG op ‘n NUWE bladsy.
7. Skryf met ‘n BLOU PEN.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Trek ‘n streep na elke afdeling.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE EKSAMEN
VRAESTEL 1

AFDELING A KYK EN LEESBEGRIP
VRAAG 1 - LEESSTUK

- Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae.

Raarheid of Waarheid?

'n Meneer Andre Joubert het vir weke aaneen dieselfde droom gehad. Hy het gedroom dat hy in sy motor ry. En soos hy ry word die landskap om hom al mooier en mooier. Pragtige groen bome en bloedrooi angeliere groei langs die pad. Die heuwels om hom is bedek met weelderige gras en spierwit wolke is in die die blou lug.
Hy ry lank in die stil, amper perfekte omgewing en dan sien hy 'n leiklip- voetpaadjie wat teen 'n heuwel opgaan. Hy stop dan sy motor en volg die paadjie wat hom by die oulikste, klein huisie uitbring. Die huisie lyk asof dit in 'n sprokiesverhaal gebruik sal kan word. Die tuin het sonneblomme met goudgeel blare en pikswart sade.
'n Baie mooi heining is rondom die huisie. Hy stap dan na die voordeur en klop aan die deur…maar sodra die deur oopgemaak word, skrik hy wakker.
Eendag het die man rondgery en gesoek na 'n adres waar hy moes gaan besigheid doen. Soos hy ry het dinge vir hom al meer en meer bekend begin te lyk. Skielik het hy onthou dat dit die area is wat hy in sy drome gesien het. Alles lyk presies dieselfde; d.w.s. die bome, die landskap, die blomme… selfs die wolke het presies soos in sy droom gelyk. En toe sien hy dit, net soos in sy droom, presies dieselfde voetpaadjie teen die heuwel.
Hy stop sy motor en volg die paadjie net soos in sy droom. Die huisie wat hy bereik is ook net soos die een waarvan hy gedroom het behalwe vir een ding. 'n "TE KOOP" bord staan voor in die tuin.
Net soos in sy droom gaan klop hy aan die deur en toe die deur oopgaan staan 'n oompie voor hom. Die man stel homself aan die oompie voor en hoor dat die ou man en sy vroutjie daar woon.
Die man vra dan, "Waarom wil julle verkoop? Dit is 'n perfekte huisie hierdie."
"Dit spook hier", antwoord die ou oompie.
"Maar wie?", vra die man, "sal by so 'n fantasties, volmaakte plek wil spook?"
Die ouman antwoord…"Jy!" en maak die deur stadig toe.

1.1. Twee woorde word in die titel van die leesstuk gebruik om die droom te beskryf? Gee die woord wat dieselfde as "ongewoon" beteken. (1)

1.2. Kies die prentjie van die vervoer waarmee die man in sy droom ry. Skryf net die nommer en die letter neer. (1)

A	B	C	D

1.3. Haal EEN byvoeglike naamwoord aan vir elk van die prentjies, wat in die leesstuk genome word. Skryf net die nommer en die woord neer. (3)

		
1.3.1.	1.3.2.	1.3.3.
?	**?**	**?**

1.4. Plaas die volgende gebeure in die regte volgorde soos dit in die leesstuk voorkom. Skryf net die letters in die regte volgorde;
   a. Hy word wakker.
   b. Die man klop aan die deur van die huisie.
   c. Hy begin te droom.
   d. Die man gaan slaap.
   e. Hy ry in ‘n wonderlike omgewing. (5)

1.5. Wat het gebeur toe die man eendag rondgery het en gesoek na ‘n adres waar hy moes gaan besigheid doen? (1)

1.6. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

Die man moes eendag iemand by ‘n onbekende adres gaan optel.

1.7. Wat is die een verskil tussen die man se droom en dit wat hy in werklikheid by die mooi huisie gesien het? (1)

1.8. Wie bly in die huisie? (2)

1.9. Hoekom wil hulle die huisie verkoop? (1)

1.10. Wie spook by die huisie? (1)

1.11. Wat dink jy is die storie; ‘n raarheid of ‘n waarheid. Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

1.12. Vertel van ‘n snaakse of ongewone droom wat jy gehad het.
Begin so: Ek het een aand gedroom dat… (1)

[22]

EN

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE EKSAMEN
VRAESTEL 1

AFDELING A – KYK EN LEESBEGRIP

VRAAG 2 – STROKIESPRENT

- Lees die onderstaande STROKIESPRENT en beantwoord die vrae.



2.1. Haal die SIN aan wat sê dat die partytjie vir Dennis oor is. (1)

2.2. Haal EEN WOORD aan wat sê WIE van nou af na Margaret se partytjies toe mag gaan. (1)

2.3. Dennis was op verskeie maniere stout by die partytjie. Noem een. (1)

2.4. Dennis is 'n baie stout seun. Is dit 'n feit of 'n opinie. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

[5]

EN

AFDELING A – KYK EN LEESBEGRIP

VRAAG 3 – ADVERTENSIE

- Lees die onderstaande advertensie versigtig deur en beantwoord die vrae.

3.1. Wat is Mitsubishi se slagspreuk? (1)

3.2. Hoe kan Mitsubishi gekontak kan word. (2)

[3]

AFDELING A TOTAAL : 30

AFDELING B – OPSOMMING
VRAAG 4

INSTRUKSIES

- In die stuk is daar wenke vir aartappels en wenke oor hoe om beter te presteer op skool. Identifiseer SEWE wenke oor hoe jy beter kan presteer op skool.
- Jy moet nog steds die sewe wenke verkort / opsom.
- Skryf jou sinne puntgewys neer.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.
- Jy sal gepenaliseer word as jy nie die getal woorde aandui nie.

Wenke oor hoe jy beter kan presteer op skool en wenke vir lekker aartappels.

- ´n Knippie bakpoeier by dit maak dit sag en lig.
- Gaan elke dag deur jou leerwerk -- nie slegs eenmaal nie.
- Gooi ‘n eetlepel melk in ‘n kastrol waarin jy kook. Dit voorkom dat dit kleur verloor.
- Ken alle formules soos benodig in die leerareas
- Ken alle terminologie baie goed voor jy vrae uitwerk.
- Laat dit ´n half-uur lank in melk lê om mooi bruin te bak.
- Lees werk goed deur voor jy begin memoriseer
- Maak opsommings en breinkaarte om alle leerwerk te bemeester
- Om te verhoed dat dit uitloop plaas jy ´n vars groen appel by dit.
- Verstaan die inhoud wat jy memoriseer.
- Voeg suurlemoensap by die water as jy dit met skil en al kook.
- Woon ekstra klasse by.

AFDELING B TOTAAL : 10

EN

AFDELING C – TAAL
VRAAG 5 – WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

Die taalvrae wat volg, is op die leesstuk *Raarheid of Waarheid* gebaseer.

5.1. Skryf die volgende sin oor in die teenwoordige tyd. (1)
'n Man het vir weke aaneen dieselfde droom gehad.

5.2. Begin die volgende sin met die voegwoord "**Toe**". (3)
Hy het gedroom dat hy in sy motor ry.

5.3. Skryf die oortreffende trap van die vetgedrukte word. (1)
En soos hy ry word die landskap om hom al **mooier**.

5.4. Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord. (1)
Spierwit wolke troon in die **blou** lug.

5.5. Skryf die meervoud van die vetgedrukte woord. (1)
Hy sien 'n geheimsinig leiklip-gepaveerde **voetpaadjie**.

5.6. Skryf die volgende sin oor in die lydende vorm. (4)
Hy stop die motor onmiddelik.

5.7. Herskryf die volgende sin met die voegwoord in hakies. (1)
Hy stap dan na die voordeur en hy klop aan die deur. (waarna)

5.8. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (3)
Die man vra: "Wil julle die huisie verkoop?

5.9. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd. (1)
Dit is 'n perfekte huisie.

5.10. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (3)
Die ou man sê: "Dit spook hier."

5.11. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (2)
Die man vra: "Wie spook by so 'n fantasties, volmaakte plek?"

5.12. Kies die korrekte voorsetsel. (1)
Die man klop (verby / voor / aan) die agterdeur.

5.13. Gee die verkleiningsvorm van die vetgedrukte woord. (1)
'n "TE KOOP" bord staan voor in die **tuin**.

5.14. Skryf die vetgedrukte woord as 'n afkorting. (1)
'n **Meneer** Andre Joubert het vir weke aaneen dieselfde droom gehad.

5.15. Kies die woord wat die volgende idioom korrek voltooi. (1)
Die man se _____ het in sy skoene gesit toe hy aan die deur klop.

a. maag
b. lewer
c. hart
d. longe

5.16. Skryf die vetgedrukte afkorting uit as 'n woord. (1)
Alles lyk presies dieselfde; **d.w.s.** die bome, die landskap, die blomme…

5.17. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies. (1)
Die groen bome is (**pragtige**).

5.18. Gee die antoniem van die vetgedrukte woord. (1)
Hy hoor dat die **ou** man en sy vroutjie daar woon.

5.19. Kies die korrekte spelling van die woord wat die teenoorgestelde geslag is van die vetgedrukte woord. (1)
Die man hoor dat die ou (mannekie / mannetjie / mannetie) en sy **vroutjie** daar woon.

5.20. Skryf die volgende sin in die toekoemende tyd. (2)
Hy ry lank in die stil, amper perfekte omgewing.

5.21. Herksryf die volgende sin maar begin met die woord in hakies. (1)
Hy ry in die stil, amper perfekte omgewing. (Eendag)

5.22. Voorsien die volgende sin met die korrekte punktuasie / leestekens.
Die man skree ek is nie die spook nie. (4)

5.23. Heskryf die volgende sin, maar begin soos aangedui. (1)
Die man doen besigheid in die area.
Die man besluit om…

5.24. Skryf die volgende sin in die nagetief. (1)
Die sonneblomme groei.

5.25. Verduidelik die verskil in die betekenis van die woorde **bomme** en **bome** in goeie sinne. (2)

AFDELING C TOTAAL : 40

GROOTTOTAAL : 80